**Johannes 1:35-51** **London, 8 Maart 2015**

**Roeping:** slide OT profete wy vir ons wys hoe hierdie God is wat roep..
NT – roeping van dissipels – wil hierdie Jesus volg...

**Skriflesing en prediking** slide

**Daar is die Lam van God** – die een wat roep, die een wat ons moet volg, die Een wat sy lewe vir ons aflê, vir ons sterf...
Ons wil tog 'n verhouding met die Here hê wat werklik 'n verskil in ons lewens maak
Wil deel wees van 'n kerk, 'n gemeente wat 'n verskil maak in ons lewens
Hoe gebeur dit? **Kom saam en julle sal sien**... v 39

slide

**1. Kom saam en julle sal sien = kom en dink hieroor en weet dis waar**
Ons soek tog bewyse wat ons oortuig dat dit werklik die Een is wat red
Wat gaan mense oortuig...
**Kom saam en julle sal sien** hoe hierdie Here lewe, wat Hy doen, hoe Hy mense hanteer, wie Hy is, bring tyd daam met Hom deur – dit sal jou oortuig

*Kom saam en **dan sal julle sien** en ontdek wie Hy werklik is!*

**Wat soek julle? – v 38**
Hoekom het jy gekom? Hoekom is jy hier? In VK... in London... in kerk... in verhouding...
Hoekom wil jy agter Jesus aanloop?
Hoekom stel jy in Hom belang?
Jesus se eerste woorde in Johannes-evangelie!
Soek en verwag verskillende sake by die Here – kry hier verskillende prentjies van Jesus

***Hy is anders en tree anders op as wat mense verwag!***

**Spandeer tyd** saam met Hom, enigste manier hoe jy werklik gaan weet...
Of Hy is wie Hy sê Hy is, eg is, geloofwaardig is, of dit die moeite werd is om agter Hom aan te loop

- gaan dit nie voor die tyd weet nie, vra 'n waagstuk, vrywillig, bly jou keuse
- is nie 'n kitsresep en maklike antwoord nie...
- gaan Hom eers leer ken soos jy jouself doelbewus in sy twh plaas
- dan word sien, glo!

Vra 'n openheid en afhanklikheid, bereid dat Hy jou leer...
Geweldige **verantwoordelikheid as ons Christene** is omdat ons vir die wr wil wys dat ons geloof 'n verskil maak – gaan mense na ons kyk en weet???

Johannes sê (v 35), Andreas sê (v 41) Fillipus sê (v 45**)... = getuienis aflê** in die hof van 'n ooggetuie
"Ek het dit gesien en daarom getuig ek soos volg..."
Dis waar... so oortuig daarvan dat hulle bereid is om te sterf daarvoor, dat dit 'n wêreld verander, vir eeue en eeue mense se lewens aangryp, lewens verander
Nie waar was nie – die beste geokriseerde sameswering, leuens van 'n groep mense wat vir 2000 jaar lank almal om die bos gelei het...

**v 51 Amen, Amen** – dit verseker Ek julle... Jesus bevestig dit self
gewoonlik gesê na 'n Skrifgedeelte gelees is, 'n saamstem en erkenning dat dit waar is
Jesus gebruik dit aan die begin van sy bediening – alles wat Ek is, is waar, julle kna my maar vertrou...

slide

**2. Kom saam en julle sal sien – hoe jou lewe gaan verander soos jy Hom volg**
Hy wil hê ons moet Hom volg en nie net hieroor dink en daarna luister nie, meer as net weet
Eers as jy begin volg, het jou lewe 'n kans om te verander, het jy 'n kans om 'n dissipel te word
Anders net weet...
As jy 'n dissipel wil wees: Moet jy luister na die Woord en jou steur aan die Woord en Jesus volg en aanhou om Hom te volg, want dit is in volg dat jou lewe gaan verander – op geen ande rmanier nie
*Hulle* verstaan van Jesus groei **van 'n fassinerende Rabbi tot die Messias**, eers dan

**Andreas** se verklaring in **v 41** – Messias – een wat kom red
**Natanael** se ontdekking in **v 49** – Seun van God, Koning van Israel – magtig, heerser
**Dis wie Jesus is**... maar kan eer sverander in volg...

**Dissipel-wees** is ’n spontane verhouding met Jesus wat al hoe dieper groei soos ek Hom beter leer ken...

Wie en hoe Jesus is word met tyd duideliker – dis nie ’n vinnige oplossing vir ons probleme nie, dis ’n kesue vir journey saam met Hom, gaan tyd vat...

As jy nie Jesus volledig vertrou **soos die Bybel Hom teken** nie, onmoontlik om Hom te volg

Nie gedeeltes wat vir jou maklik en gemaklik is nie... want dan volg jy nog jou eie hart en jou eie wil... staan jy nog in die kern van jou lewe...

(volg Hom – geroep - om te dien – gawes- ... om self te sterf... om te getuig...)

slide

**3. Kom saam en julle sal sien - Doen dit saam met vriende**

Die heeltyd bring hulle mense... vriende – plan was van die begin af: Vissers van mense...

Johannes die Doper vertel vir 2 van sy volgelinge

Andreas gaan haal vir Simon Fillipus gaan haal vir Nataniel

Kom saam... kom ons gaan saam...

jy ontdek Jesus die maklikste deur jou vriende (of nie...)

**Christenskap is geweldig persoonlik** – en **verhoudings** is essensieel hiervoor – help ons gewoonlik om deur sake te werk, om sin te maak en te probeer verstaan, om dapper genoeg te wees om te waag omdat ek ondersteuning en aanmoediging van vriende het

**[Lie to Me:** as jy nie waag nie, gaan jy altyd alleen wees...]

**Hoe maak ons vriende en hoe verander ons vriende?** Filllipus met Nataniël

-**geduldig, waag** – kom net saam, ek het nie antwoorde op al jou vrae nie, kom kyk maar net en dalk soos ons saam met Hom leef sal jy dalk eendag verstaan en sal ons dit uit-gefigure kry...

- **tyd saam met Jesus vorm ons**

Iets gebeur met Nataniel toe Jesus verklaar dat Hy weet watter soort mens hy is en hom al lankal raakgesien het – **v 47-49**

Wat hier gebeur het, weet ons nie presies nie, Skrif gee nie antwoorde nie – maar ons weet dat Jesus direk tot Nataniel se hart gepraat het – en dit keer Nataniel se lewe om: Hy weet wie ek werklik is – dat ek ’n goeie ou probeer wees, my bes probeer ... en steeds soek...

Dan sluit Jesus aan by die OT –**storie van Jakob** wat weghardloop en droogmaak en ’n mislukking is – en dan in woestyn droom van die hemel wat oopbreek met engele wat op en af loop – rig ’n altaar op en noem die Bet-el – die poort van die hemel slide

**v 51** – julle sal dit ook sien – hoe God die brug oorsteek tussen julle realiteit en die onmoontlike... dat waar nou is ook **die poort van die hemel** kan wees

Ek is die weg
Ek is die Lam van God

Wat moet ek doen?

**Kom saam en julle sal sien – dink hieroor, volg Jesus, saam met ander en jy gaan verstom staan oor wat Hy in jou lewe gaan doen en hoe Hy jou gaan verander...**